(2) Die diensverskaffer moet enige persoon vergoed wat skade ly as gevolg van die uitoefening van die reg op toegang ingevolge subartikel (1) hier bo, buiten waar die diensverskaffer gemagtig word om enige werk op die betrokke eiendom op die onkoste van sodanige persoon of 'n ander persoon te verrig, of om enige werk op sodanige eiendom te verrig en die koste daarvan van sodanige persoon of 'n ander persoon te verhaal. Die diensverskaffer en sodanige persoon moet oor die vergoedingsbedrag ooreenkom, en by gebrek aan ooreenkoms, moet die bedrag deur arbitrasie of 'n hof bepaal word.

(3) Die direkteur kan deur middel van skriftelike kennisgewing aan die eienaar of okkupeerder van enige eiendom, van sodanige eienaar of okkupeerder verwag om op die dag en tyd wat in sodanige kennisgewing bepaal word, aan 'n persoon en vir 'n doeleinde ingevolge subartikel (1) hier bo toegang tot sodanige eiendom te verleen.

(4) 'n Staat van oorlog, of enige onheil, ramp of noodgeval, gee aan die diensverskaffer die reg op toegang tot of oor enige eiendom sonder kennisgewing, en die reg om enige stappe te doen as wat na die diensverskaffer se goeddunke nodig of wenslik blyk te wees.

### 13. Weiering of versuim om inligting te verstrek

(1) Geen persoon mag weier of versuim om sodanige inligting te verstrek as wat enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer redelikerwys van hom/haar kan vereis, of enige valse inligting oor enige voltooide of beoogde elektrisiteitsinstallasiewerk aan enige sodanige amptenaar verstrek nie.

(2) Die diensverskaffer mag nie enige inligting oor elektrisiteitsvoorsiening aan, of rekeningbesonderhede van, enige perseel aan enige derde party beskikbaar stel, sonder die uitdruklike skriftelike toestemming van die verbruiker wat die voorsieningsooreenkoms vir die toevoer na die betrokke perseel onderteken het nie, buiten aan die eienaar van 'n eiendom in reaksie op skriftelike aansoek by die diensverskaffer.

### 14. Weiering van toegang

Geen persoon mag enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer opsetlik in die uitvoering van sy/haar pligte ingevolge hierdie verordening, of enige pligte wat daarmee verband hou of daarmee te doen het, hinder, dwarsboom, keer of hom/haar toegang weier nie.

### 15. Onbehoorlike gebruik

(1) Indien die diensverskaffer redelike gronde het om te glo dat die verbruiker die elektrisiteit vir enige doel of op enige manier gebruik wat op 'n onbehoorlike of onveilige wyse inmeng, of bedoel is om op 'n onbehoorlike of onveilige wyse in te meng, of daar gevind word dat die verbruiker op 'n onbehoorlike of onveilige wyse inmeng met die doeltreffende elektrisiteitsvoorsiening aan enige ander kliënt, kan die diensverskaffer die elektrisiteitstoevoer afsluit, welke toevoer weer aangesluit moet word sodra die rede vir die afsluiting blywend reggestel of uit die weg geruim is.

(2) Die verbruiker moet die diensverskaffer se voorgeskrewe heffing vir die afsluiting en heraansluiting betaal voordat die elektrisiteitstoevoer herstel word, tensy aangetoon kan word dat die verbruiker nie die elektrisiteit op 'n onbehoorlike of onveilige wyse gebruik of hanteer het nie.

### 16. Elektrisiteitstariewe en -heffings

Afskrifte van die tarief- en heffingsblaai kan gratis van die kantoor van die diensverskaffer bekom word.

### 17. Deposito's

(1) Ingevolge 'n tariefbeleid wat deur die diensowerheid goedgekeur word, behou die diensverskaffer die reg om van die verbruiker 'n deposito te vereis as sekuriteit vir die betaling van enige heffings wat aan die diensverskaffer verskuldig is of kan word.

(2) Die direkteur moet die omvang van die deposito met betrekking tot elke elektriese installasie bepaal. Elke sodanige deposito kan verhoog word indien die direkteur die deposito as onvoldoende ag, of as gevolg van niebetaling, 'n gepeuter met die diensaansluiting, of ongemagtigde aansluiting of heraansluiting.

(3) Sodanige deposito word nie as betaling of gedeeltelike betaling van enige verskuldigde bedrag vir elektrisiteitsvoorsiening geag in 'n poging om enige korting te bekom waarvoor die elektrisiteitstarief waarna hierdie verordening verwys, voorsiening maak nie.

(4) By die beëindiging van elektrisiteitsvoorsiening, moet die bedrag van sodanige deposito rentevry en minus enige betalings wat aan die diensverskaffer en/of die diensowerheid verskuldig is, aan die verbruiker terugbetaal word.

(5) Die betaling van rente op deposito's wat ingevolge voorsieningsooreenkomste deur enige vorige elektrisiteitsverskaffer gehou word, loop ten einde op die datum waarop sodanige voorsiening na die diensverskaffer oorgaan.

### 18. Betaling van heffings

(1) Die verbruiker is aanspreeklik vir alle heffings met betrekking tot die voorgeskrewe tarief vir die elektrisiteitsdiens, soos wat dit deur die diensowerheid goedgekeur word. Die verbruiker kan ook vir enige heffings van ander dienste aanspreeklik wees wat die diensowerheid moet lewer om 'n ononderbroke elektrisiteitstoevoer te verseker.

(2) Alle rekeninge word as betaalbaar geag wanneer die diensverskaffer dit uitreik, en elke rekening moet op die voorkant daarvan die betaaldatum aandui en 'n waarskuwing rig dat die elektrisiteitstoevoer afgesluit kan word indien die heffings met betrekking tot sodanige toevoer nie teen die betaaldatum betaal word nie.

(3) 'n Fout op, of weglating uit, enige rekening, of versuim om 'n rekening te lewer, onthef nie die verbruiker van sy/haar plig om die korrekte verskuldigde bedrag vir elektrisiteitsvoorsiening aan die perseel te betaal nie. Die bewyslas berus by die verbruiker om hom/haar daarvan te vergewis dat die gelewerde rekening ooreenkomstig die voorgeskrewe heffings met betrekking tot elektrisiteitsvoorsiening aan die perseel opgestel is.

(4) Waar 'n behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer die perseel besoek ten einde die elektrisiteitstoevoer ingevolge subartikel (2) hier bo af te sluit, en hy/sy verhinder of gekeer word om sodanige afsluiting uit te voer, is die voorgeskrewe heffing betaalbaar vir elke besoek wat vir sodanige afsluiting nodig is.

(5) Ná afsluiting weens niebetaling van 'n rekening, moet die voorgeskrewe heffings en enige ander bedrae ten opsigte van elektrisiteitsverbruik betaal word, of toepaslike reëlings ingevolge die diensowerheid se verordeninge of beleid getref word, voordat die elektrisiteitstoevoer heraangesluit word.

(6) Indien die eienaar van vaste eiendom ingevolge artikel 118 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, om 'n klaringsertifikaat aansoek doen, is hy/sy, nieteenstaande die feit dat die okkuperder 'n ooreenkoms vir die voorsiening van elektrisiteit het, aanspreeklik vir alle heffings wat met betrekking tot die betrokke eiendom aan die diensverskaffer verskuldig is, voordat sodanige sertifikaat uitgereik sal word.

### 19. Rente op agterstallige rekeninge

Die diensverskaffer kan, ingevolge 'n goedgekeurde beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering en enige verwante deernissteun, rente op rekeninge hef wat nie teen die betaaldatum op die rekening betaal word nie.

## 20. Beginsels vir die herverkoop van elektrisiteit

- (1) Herverkopers moet die lisensierings- en registrasievereistes van die Wet op Elektrisiteitsregulering, Wet 4 van 2006, sowel as regulasies ingevolge daarvan, nakom.
- (2) Tensy die direkteur daartoe toestemming verleen, mag geen persoon elektrisiteit wat ingevolge 'n ooreenkoms met die diensverskaffer aan sy/haar perseel voorsien word, aan enige ander persoon of persone vir gebruik op enige ander perseel verkoop of voorsien, of sodanige herverkoop of voorsiening toelaat of duld nie.
- (3) Indien elektrisiteit vir gebruik op dieselfde perseel herverkoop word, moet die herverkoopte elektrisiteit deur 'n soort submeter gemeet word wat die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde se goedkeuring het, en wat ooreenkomstig die diensverskaffer se standaard verskaf, geïnstalleer en geprogrammeer word.
- (4) Die tarief en heffings waarteen, en die verkoopsvoorwaardes ingevolge waarvan, elektrisiteit op dié manier herverkoop word, mag nie minder gunstig wees vir die aankoper as dié wat sou geld indien die aankoper sy/haar elektrisiteit direk van die diensverskaffer ontvang het nie.
- (5) Elke herverkoper moet die aankoper van maandelikse rekeninge voorsien wat minstens ewe uitvoerig is as die tersaaklike besonderhede wat op die diensverskaffer se rekening aan sy elektrisiteitskliënte verstrekkend word.

## 21. Reg om elektrisiteitstoever af te sluit

- (1) Onderworpe aan subartikel (2) kan die diensverskaffer die elektrisiteitstoever na enige perseel afsluit, wat kan insluit die beperking en/of toekenning van kredietaanlope vir voorafbetaalmeters soos uiteengesit in die diensowerheid se beleid oor kredietbeheer en skuldinvordering—
  - (a) Waar die persoon wat vir die betaling van sodanige toever aanspreeklik is, versuim om enige verskuldigde heffing aan die diensverskaffer te betaal met betrekking tot enige elektrisiteitsvoorsiening wat hy/sy te eniger tyd met betrekking tot die betrokke perseel van die diensverskaffer ontvang het;
  - (b) Waar die diensowerheid die diensverskaffer versoek om die elektrisiteitstoever af te sluit in geval van uitstaande munisipale diensgeld, bybelasting op heffings, eiendomsbelasting en ander munisipale belasting, heffings en diensgeld;
  - (c) Waar daar met die diensaansluiting of hoofleiding gepeuter is.
- (2) Die diensverskaffer moet 'n persoon waarna in subartikel (1)(a) verwys word en enige persoon wat op die perseel woon—
  - (a) Kennis gee van die voorneme om die elektrisiteitstoever na die betrokke persoon se perseel af te sluit
  - (b) 'n Redelike geleentheid gee om verhoë oor die voorgenome afsluiting te rig, en
  - (c) Alle betrokke inligting gee, insluitend redes vir die voorgenome afsluiting en die kennisgewingstydperk voor die afsluiting in werking sal tree.
- (3) Die diensverskaffer kan die elektrisiteitstoever na enige perseel onder die volgende omstandighede sonder kennisgewing afsluit:
  - (a) Waar 'n persoon of eiendom in ernstige gevaar verkeer
  - (b) Om gemeenskapsveiligheidsredes of vir die veiligheid van noodpersoneel
- (4) In omstandighede buiten dié wat in subartikel (1) en (2) hierbo gelys word, waar enige van hierdie verordening of regulasies se bepalinge oortree word, moet die diensverskaffer die betrokke persoon veertien dae kennisgewing te gee om sy/haar nienakoming reg te stel, voordat die afsluiting plaasvind.
- (5) Ná die afsluiting wat in artikel (1) beoog word, moet die betrokke persoon die diensverskaffer se voorgeskrewe heffing vir die afsluiting of die heraansluiting van die diens betaal.
- (6) Ingeval 'n installasie wederregtelik op 'n verbruiker se perseel heraangesluit word nadat die diensverskaffer dit voorheen regmatig afgesluit het, of ingeval daar met die diensverskaffer se elektriese toerusting gepeuter word om te verhoed dat die meter die volle verbruik registreer, kan die elektrisiteitstoever fisies van sodanige perseel verwyder word.

## 22. Nieaanspreeklikheid van die diensowerheid of diensverskaffer

Nóg die diensowerheid nóg die diensverskaffer is aanspreeklik vir enige verlies of skade, hetsy regstreeks of voortvloeiend, wat 'n verbruiker as gevolg van, of voortspruitend uit, die beëindiging of belemmering van, of enige ander abnormaliteit in, elektrisiteitsvoorsiening ly of opdoen, tensy dit weens versuim van die diensowerheid of die diensverskaffer geskied.

## 23. Elektrisiteitslekkasie

Geen korting word onder enige omstandighede op 'n rekening vir voorsiene en gemete elektrisiteit toegestaan met betrekking tot elektrisiteitsvermorsing weens lekkasie of enige ander fout in die elektriese installasie nie.

## 24. Onderbreking van toever

- (1) Die diensverskaffer sal nie aandag skenk aan 'n onderbreking van elektrisiteitstoever weens 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie nie, buiten waar sodanige onderbreking te wyte is aan die gebrekkige werking van die diensverskaffer se diensbeveiligingstoestel.
- (2) Waar enige onderbreking van elektrisiteitstoever toegeskryf kan word aan 'n fout in die verbruiker se elektriese installasie, of die gebrekkige werking van apparaat wat in verband daarmee gebruik word, het die diensverskaffer die reg om die voorgeskrewe heffing van die verbruiker te verhaal vir elke herstel bykomend tot die koste om enige moontlike skade aan die hoofdiensleiding en meter weens sodanige voormelde fout of gebrekkige werking te vergoed of te herstel.

## 25. Seëls van die diensverskaffer

'n Behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer moet die meter, diensbeveiligingstoestelle en alle apparaat van die diensverskaffer verseël of sluit, en niemand buiten 'n behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer mag op enige manier of om enige rede hoegenaamd sodanige seëls of slotte verwyder, breek, skend, daarmee peuter of hom/haar daarmee bemoei nie.

## 36. Gepeuter met diensaansluiting of hoofleiding

(1) Geen persoon mag op enige manier of om enige rede hoegenaamd met enige meter of meettoerusting of diensaansluiting of diensbeveiligingstoestel of hoofleiding of enige ander toerusting van die diensverskaffer peuter, hom/haar daarmee bemoei, dit verniel, enige advertensiemedium daarop aanbring, dit skend, of dit onwettig aan die elektrisiteitsbedrading van enige ander verbruiker koppel nie.

(2) Waar prima facie-bewys bestaan dat 'n verbruiker en/of enige persoon subartikel (1) hierbo oortree het, kan die diensverskaffer die elektrisiteitstoever na die verbruiker afsluit, en daardie persoon is aanspreeklik vir alle gelde en heffings wat die diensverskaffer vir sodanige afsluiting hef.

(3) Waar enige individu in stryd met subartikel (1) optree, en steuring of skade veroorsaak, kan 'n regsGEDING teen sodanige individu aanhangig gemaak word.

(4) Waar 'n verbruiker en/of enige persoon subartikel (1) oortree, en sodanige oortreding veroorsaak dat die meter minder as die ware verbruik registreer, het die diensverskaffer die reg om die volle koste van die geraamde verbruik van die verbruiker te verhaal.

(5) Die beslissing van die diensverskaffer dien as prima facie-bewys van sodanige verbruik.

## 27. Beveiliging van diensverskaffer se hoofleiding

(1) Geen persoon mag sonder dat hy/sy op die perseel oor 'n deurgangsgereguleer en 'n sivielewerkspermit beskik wat deur die diensverskaffer uitgereik is, en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat opgelê kan word—

- (a) enige gebou, struktuur of ander voorwerp bou, oprig of lê, of laat bou, oprig of lê, of bome of plantegroei oor of op 'n plek of op 'n manier plant wat met die hoofleiding inmeng of dit in gevaar stel nie;
- (b) grond uitgrawe, oopmaak of verwyder, of die grondvlak verander bo, langs, onder of na aan enige deel van die hoofleiding, of op enige plek binne die regsgebied van die diensowerheid nie;
- (c) enige deel van die hoofleiding beskadig, in gevaar stel, verwyder of vernietig, of enigiets doen wat dit waarskynlik sal beskadig, in gevaar stel, verwyder of vernietig nie; en
- (d) enige ongemagtigde aansluiting by enige deel van die hoofleiding maak, of enige elektrisiteit van daar omlei of laat omlei nie.

(2) Die eienaar of okkupeerder moet die hoogte van bome, of die lengte van takke wat uitsteek in die omgewing van oorhoofse leidings beperk, of beveiliging bied wat na die oordeel van die diensverskaffer voldoende voorsorg tref dat die bome of takke nie met die geleiers sal inmeng indien dit sou omval of afgekap word nie.

(3) Indien die eienaar versuim om bostaande bepaling na te kom, het die diensverskaffer die reg om, ná vooraf- skriftelike kennisgewing, of te eniger tyd in 'n noodgeval, die bome of ander plantegroei dermate af te kap of te snoei dat dit aan die bepaling voldoen, en die diensverskaffer is geregtig op toegang tot die eiendom vir hierdie doel.

(4) Onderworpe aan 'n hofbevel, kan die diensverskaffer enige gebou, struktuur of ander voorwerp wat in stryd met hierdie verordening gebou, opgerig of gelê is, sloop, verander of op 'n ander manier daarmee handel.

(5) In 'n noodgeval of ramp kan die diensverskaffer enigiets verwyder wat enige deel van die elektrisiteitsleidingsnet beskadig, versper of in gevaar stel, of wat dit waarskynlik sal beskadig, versper, in gevaar stel of vernietig.

## 28. Voorkoming van 'n gepeuter met diensaansluiting of hoofleiding

Indien dit na die oordeel van die direkteur nodig of wenslik is om spesiale voorsorg te tref ten einde 'n gepeuter met enige deel van die hoofleiding, diensaansluiting of diensbeveiligingstoestel of meter of meettoerusting te voorkom, moet die verbruiker hetsy die nodige beveiliging voorsien en installeer, of die koste dek waar die diensverskaffer sodanige beveiliging voorsien.

## 29. Ongemagtigde aansluitings

Niemand buiten 'n persoon vir wie die direkteur bepaald skriftelik daartoe magtig, mag hetsy regstreeks of nieregstreeks enige elektriese installasie of deel daarvan aan die hoofleiding of diensaansluiting koppel, probeer koppel of laat koppel nie.

## 30. Ongemagtigde heraansluitings

(1) Niemand buiten 'n persoon vir wie die direkteur bepaald skriftelik daartoe magtig, mag enige elektriese installasie of installasies wat die diensverskaffer afgesluit het, by die hoofleiding of diensaansluiting heraansluit, probeer heraansluit, of laat heraansluit nie.

(2) Waar die elektrisiteitstoever wat voorheen afgesluit is, heraangesluit blyk te wees, is die verbruiker wat van die elektrisiteitstoever gebruik maak, aanspreeklik vir alle heffings vir die elektrisiteit wat verbruik is tussen die datum van afsluiting en die datum waarop die elektrisiteitstoever klaarblyklik heraangesluit is, sowel as enige ander koste wat in hierdie verband gehef word.

(3) Die diensverskaffer behou voorts die reg om 'n deel van of al die voorsieningstoerusting te verwyder totdat volle betaling ontvang is. Die verbruiker is ook verantwoordelik vir al die koste verbode aan die herinstelling van sodanige voorsieningstoerusting.

## 31. Tydelike afsluiting en heraansluiting

(1) Op versoek van die verbruiker, moet die diensverskaffer die elektrisiteitstoever na die verbruiker se elektriese installasie tydelik afsluit en heraansluit by ontvangs van die diensverskaffer se voorgeskrewe heffing vir elke sodanige afsluiting en daaropvolgende heraansluiting.

(2) Die diensverskaffer kan die diensaansluiting ondersoek en/of op die indiening van 'n nakomingsertifikaat aandrang voordat die toevoer heraangesluit word.

(3) Ingeval dit noodsaaklik word dat die diensverskaffer 'n tydelike afsluiting en heraansluiting van die elektrisiteitstoevoer na 'n verbruiker se elektriese installasie uitvoer, en die verbruiker op geen manier verantwoordelik is vir sodanige noodsaak nie, moet die diensverskaffer die betaling van voormelde heffing kwytsteld.

(4) Slegs in uitsonderlike omstandighede kan die diensverskaffer die elektrisiteitstoevoer na enige perseel tydelik afsluit sonder om kennis te gee, en wel om herstelwerk te verrig, of toetse uit te voer, of vir enige ander geldige doeleinde. In alle ander gevalle moet voldoende kennis gegee word.

### 32. Tydelike toevoer

Enige tydelike elektrisiteitstoevoer, soos dit in hierdie verordening omskryf word, word toegestaan op voorwaarde dat indien sodanige toevoer met die doeltreffende en doelmatige elektrisiteitsvoorsiening aan ander verbruikers blyk in te meng, die diensverskaffer die reg het om ná kennisgewing, of in uitsonderlike omstandighede sonder kennisgewing, sodanige tydelike toevoer te eniger tyd te beëindig. Nóg die diensowerheid nóg die diensverskaffer is aanspreeklik vir enige verlies of skade wat die verbruiker weens sodanige beëindiging kan ly.

### 33. Tydelike werk

(1) Elektriese installasies wat 'n tydelike elektrisiteitstoevoer vereis, mag nie regstreeks óf nieregstreeks aan die hoofleiding gekoppel word nie, buiten met die spesiale skriftelike toestemming van die direkteur.

(2) Volledige besonderhede van die redes vir, en aard van, sodanige tydelike werk moet die aansoek om voormelde toestemming vergesel, en die direkteur kan sodanige toestemming weier, of dit op sodanige bepalinge en voorwaardes toestaan as wat wenslik en nodig blyk te wees.

### 34. Lasvermindering

(1) In spitsladingstye, of in 'n noodgeval, of wanneer dit om enige rede na die direkteur se oordeel nodig is om die las op die diensverskaffer se elektrisiteitsvoorsieningstelsel te verminder, kan die diensverskaffer die toevoer sonder kennisgewing onderbreek, en vir sodanige tydperk as wat die direkteur nodig ag, die toevoer na enige verbruiker se elektriese warmwatersilinder, of enige bepaalde toestel, of die hele installasie afsluit.

(2) Nóg die diensowerheid nóg die diensverskaffer is aanspreeklik vir enige verlies of skade, hetsy regstreeks of voortvloeiend, wat 'n verbruiker as gevolg van, of voortspruitend uit, sodanige onderbreking en afsluiting van die elektrisiteitstoevoer kan ly.

(3) Die diensverskaffer kan sodanige apparaat en toerusting op die verbruiker se perseel installeer as wat nodig kan wees om die bepalinge van subartikel (1) hier bo uit te voer, en enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer kan op enige redelike tyd enige perseel betree ten einde sodanige apparaat en toerusting te installeer, ondersoek, toets, verstel en/of te verander.

(4) Ondanks die bepalinge van subartikel (3) hierbo, moet die verbruiker of die eienaar, na gelang van omstandighede, wanneer hy/sy 'n elektriese warmwatersilinder installeer, sodanige voorsiening maak en bedrading voorsien as waarop die diensverskaffer kan aandrang ten einde die latere installasie van die apparaat en toerusting waarna subartikel (3) verwys, moontlik te maak.

### 35. Hoë-, medium- en laespanningskakeltuie en -toerusting

(1) In gevalle waar 'n elektrisiteitstoevoer teen hetsy hoë, medium- of lae spanning voorsien word, moet die verbruiker betaal vir die voorsiening en installasie van die skakeltuie, kables en toerusting wat deel uitmaak van die diensaansluiting, tensy die direkteur anders beslis.

(2) Al sodanige toerusting wat op die verbruiker se perseel geïnstalleer word, moet aanpasbaar wees by die diensverskaffer se elektrisiteitsprestasiestandaarde.

(3) Geen persoon mag sonder redelike voorafkennisgewing aan die diensverskaffer se stelselsbeheersentrum, enige hoë- of mediumspanningskakeltuie of -toerusting oopmaak, toemaak, isoleer, koppel of aard nie.

(4) In geval van 'n hoë- of mediumspanningstoevoer waar die verbruiker hoë- of mediumspanningskakeltuie laat installeer, moet die diensverskaffer in kennis gestel word van die bevoegde persoon wat die verbruiker ingevolge die regulasies vir sodanige installasie aangestel het, sowel as van enige veranderinge in sodanige aanstelling.

(5) In geval van 'n laespanningstoevoer, moet die verbruiker 'n laespanning-hoofskakeltuig en/of enige ander toerusting waarop die diensverskaffer of enige behoorlik gemagtigde amptenaar van die diensverskaffer aandrang, voorsien en installeer.

### 36. Substasieomsluiting

(1) Die diensverskaffer kan, op sodanige voorwaardes as wat die direkteur nodig ag, van die eienaar vereis om 'n omsluiting te voorsien en in stand te hou wat 'n substasie sal uitmaak, en wat uit 'n afsonderlike kamer of kamers bestaan wat uitsluitlik gebruik word vir die berging van hoëspanningskables en -skakeltuie, mediumspanningskables en -skakeltuie, transformators, laespanningskables en -skakeltuie en ander toerusting wat nodig is vir die voorsiening van die elektrisiteit wat die aansoeker vereis.

(2) Die diensverskaffer het die reg om sy eie leidingsnet via sy eie toerusting wat in sodanige omsluiting geïnstalleer is, van elektrisiteit te voorsien, en indien die diensverskaffer 'n bykomende omsluiting benodig, moet die aansoeker sodanige bykomende omsluiting op die onkoste van die diensverskaffer voorsien.

(3) Die substasieomsluiting moet aan die vereistes en afmetings voldoen wat die diensverskaffer bepaal, en moet oor voldoende verligtings-, belugtings-, brandvoorsorg- en brandblussingsmaatreëls beskik.

(4) Die substasieomsluiting moet op grondvlak wees, op 'n punt waartoe daar te alle tye vrye, voldoende en onbeperkte toegang is vir doeleindes wat met die werking en instandhouding van die toerusting verband hou.

(5) Voertuie moet van die aanliggende pad of inrit toegang tot die substasie-ingang bekom.

(6) Waar die ligging van die substasieomsluiting na die direkteur se oordeel nie meer maklik toeganklik is nie, of lewe of eiendom in gevaar stel, of om regverdigbare redes nie meer geskik is nie, moet die verbruiker dit tot die direkteur se bevrediging na 'n nuwe plek verskuif, en moet die verbruiker die koste dek van sodanige verskuiving, wat so gou moontlik uitgevoer moet word.

### 37. Bedradingsdiagram en -spesifikasie

(1) Wanneer meer as een elektriese installasie of elektrisiteitstoevoer van 'n gemeenskaplike hoofleiding af, of meer as een verdeelbord of meter vir enige gebou of geboublok vereis word, moet die bedradingsdiagram vir die kringe wat by die hoofskakelaar begin, sowel as 'n bedradingsspesifikasie, op versoek in duplikaat aan die diensverskaffer voorsien word, vir skriftelike toestemming voordat enige werk 'n aanvang mag neem.

(2) Waar 'n elektriese installasie elektrisiteit moet kry van 'n substasie op dieselfde perseel waar die stroom van hoë spanning af getransformeer word, of van een van die diensverskaffer se substasies met behulp van 'n hoofleiding afsonderlik van die algemene leidingsnet, moet 'n volledige spesifikasie en sketse vir die aanleg wat die verbruiker wil installeer, op versoek aan die diensverskaffer voorsien word, vir skriftelike toestemming voordat enige materiaal met betrekking tot die werk bestel word.

### 38. Gereedheidstoevoer

Niemand is op 'n gereedheidstoevoer van elektrisiteit van die diensverskaffer geregtig vir enige perseel met 'n afsonderlike elektrisiteitsbron nie, buiten met die skriftelike toestemming van die direkteur, en onderworpe aan sodanige bepalings en voorwaardes wat die direkteur kan oplê.

### 39. Verbruiker se elektrisiteitsopwekkingstoerusting

(1) Geen elektrisiteitsopwekkingstoerusting wat die verbruiker ingevolge enige regulasies of vir eie bedryfsvereistes voorsien, mag aan enige installasie gekoppel word sonder die vooraf- skriftelike toestemming van die direkteur nie.

(2) 'n Aansoek om sodanige toestemming moet skriftelik ingedien word, en 'n volledige spesifikasie van die toerusting sowel as 'n bedradingsdiagram insluit.

(3) Die elektrisiteitsopwekkingstoerusting moet so ontwerp en geïnstalleer word dat die diensverskaffer se hoofleiding op geen manier deur 'n terugvoering van sodanige toerusting af bekrag kan word nie.

(4) Die ligging van die geïnstalleerde opwekkingstoerusting mag nie met die hoofleiding inmeng nie. Die opwekkingstoerusting moet geheel en al op die verbruiker se perseel geïnstalleer word.

(5) Die verbruiker is verantwoordelik vir die voorsiening en installasie van alle vereiste beveiligingstoerusting, sowel as om 'n nakomingsertifikaat vir die werk te bekom wat ingevolge die regulasies uitgereik moet word.

(6) Waar die verbruiker se elektrisiteitsopwekkingstoerusting met spesiale vergunning van die diensverskaffer elektries gekoppel mag word aan, en parallel mag loop met, die diensverskaffer se hoofleiding, is die verbruiker daarvoor verantwoordelik om al die nodige sinchroniseer- en beveiligingstoerusting vir sodanige veilige parallelle werking te voorsien, te installeer en in stand te hou, tot bevrediging van die direkteur.

(7) In normale bedryfsomstandighede, is enige uitvoer van surplusenergie van die verbruiker na die diensverskaffer se leidingsnet onderworpe aan spesiale toestemming van die diensverskaffer.

(8) In geval van 'n algemene kragonderbreking op die diensverskaffer se leidingsnet, moet die verbruiker, onderworpe aan die direkteur se goedkeuring, beveiligingstoerusting installeer om te verseker dat die verbruiker se installasie geïsoleer is van die diensverskaffer se leidingsnet totdat bedryfsomstandighede na normaal terugkeer. Die verbruiker moet die koste van enige spesiale meettoerusting dek.

### 40. Tegniese standaarde

Die direkteur kan van tyd tot tyd tegniese standaarde uitreik waarin die diensverskaffer se vereistes uiteengesit word met betrekking tot sake wat nie bepaald in die regulasies of hierdie verordening gedek word nie, maar wat nodig is vir die veilige, doeltreffende bedryf en bestuur van elektrisiteitsvoorsiening.

## HOOFSTUK 3

### VERBRUIKERSVERANTWOORDELIKHEDE

#### 41. Oprigting en instandhouding van elektriese installasie deur verbruiker

Die verbruiker moet, op eie onkoste en ooreenkomstig hierdie verordening en die regulasies, enige elektriese installasie wat aan die hoofleiding gekoppel is of moet word, en enige byvoegings daarby of veranderinge daaraan wat van tyd tot tyd aangebring kan word, voorsien, oprig, in stand hou en in orde hou.

#### 42. Fout in elektriese installasie

(1) Indien enige fout in die elektriese installasie ontstaan wat 'n gevaar vir persone, lewende hawe of eiendom inhou, moet die verbruiker van die elektriese installasie onmiddellik die elektrisiteitstoevoer afsluit.

(2) Die gebruiker van die elektriese installasie moet die diensverskaffer onmiddellik daarvan in kennis stel, en onmiddellik stappe doen om die fout reg te stel.

(3) Die diensverskaffer kan van die verbruiker verwag om die diensverskaffer vir enige uitgawe te vergoed wat met betrekking tot 'n fout in die elektriese installasie aangegaan moet word.

#### 43. Beëindiging van gebruik van elektrisiteitstoevoer

Ingeval 'n verbruiker sy/haar gebruik van die elektrisiteitstoevoer wil beëindig, moet hy/sy die diensverskaffer minstens twee volle werksdae skriftelike kennis van sodanige voorgenome beëindiging gee. Indien die verbruiker versuim om hieraan te voldoen, bly hy/sy aanspreeklik vir alle verskuldigde betalings ingevolge die tarief vir elektrisiteitsvoorsiening, totdat twee volle werksdae ná sodanige kennisgewing verstryk het.

#### 44. Verandering van verbruiker

- (1) Die diensverskaffer moet twee volle werksdae skriftelike kennisgewing ontvang van die voorneme om gebruik van die elektrisiteitstoevoer te beëindig. In geval van versuim om hieraan te voldoen, bly die eienaar aanspreeklik vir sodanige elektrisiteitsvoorsiening.
- (2) Indien die persoon wat okkupasie van die perseel oorneem, die elektrisiteitstoevoer wil aanhou gebruik, moet die eienaar van sodanige perseel ooreenkomstig die bepalings van artikel 5 van hierdie verordening aansoek doen. Indien die eienaar versuim om binne tien werksdae nadat die persoon die perseel betrek, om elektrisiteitsvoorsiening aansoek te doen, moet die toevoer afgesluit word, en is die eienaar aanspreeklik teenoor die diensverskaffer vir die elektrisiteit wat voorsien is vanaf die datum van okkupasie totdat die toevoer afgesluit is.
- (3) Waar persele met voorafbetaalmeters toegerus is en daar geen bestaande elektrisiteitsvoorsieningsooreenkomste bestaan nie, is die eienaar, totdat hy/sy ingevolge artikel 5 van hierdie verordening om elektrisiteitsvoorsiening aansoek doen, aanspreeklik teenoor die diensverskaffer vir alle heffings en koste vir daardie meetpunt, sowel as vir enige uitstaande heffings en koste wat op daardie meetpunt opgeloop het.
- (4) Die direkteur kan voorwaardes oplê, wat die weerhouding van elektrisiteitstoevoer na 'n perseel insluit, in gevalle waar die vorige verbruiker se elektrisiteitsrekening by daardie perseel agterstallig is.

#### 45. Diensapparaat

- (1) Die verbruiker is teenoor die diensverskaffer aanspreeklik vir alle koste wat spruit uit skade aan of verlies van enige meettoerusting, diensbeveiligingstoestel, diensaansluiting of ander apparaat op die perseel, tensy sodanige skade of verlies na wat bewys kan word te wyte is aan 'n natuurramp, of handling of versuim van 'n werknemer van die diensverskaffer, of 'n abnormaliteit in die elektrisiteitstoevoer na die perseel.
- (2) Indien die hoofdiensleiding, meettoerusting of enige ander diensapparaat, synde die eiendom van die diensverskaffer én al voorheen gebruik, gedurende die installasie se afsluiting van die hoofleiding sonder toestemming verwyder word, of dermate beskadig word dat heraansluiting 'n gevaar inhou, moet hetsy die eienaar of okkuperder van die perseel gedurende sodanige tydperk die koste dek om sodanige toerusting te herstel en/of te vervang.
- (3) In gevalle van 'n gemeenskaplike meterligging, gaan die aanspreeklikheid wat in subartikel (1) hier bo uiteengesit word, oor op die eienaar van die perseel.
- (4) Die bedrag wat ingevolge subartikel (1) hier bo verskuldig is, moet deur 'n sertifikaat van die direkteur bevestig word, welke bevestiging finaal en bindend is.

### HOOFSTUK 4

#### BEPAALENDE VOORWAARDES VIR ELEKTRISITEITSVOORSIENING

#### 46. Diensaansluiting

- (1) Die verbruiker moet die koste dek van die diensaansluiting, soos wat dit deur die diensverskaffer goedgekeur word.
- (2) Ondanks die feit dat die verbruiker die koste van die diensaansluiting dek, berus eienaarskap van die diensaansluiting by die diensverskaffer. Die diensverskaffer is verantwoordelik vir die instandhouding van sodanige diensaansluiting tot en met die voorsieningspunt.
- (3) Die verbruiker is nie geregtig op enige vergoeding van die diensverskaffer met betrekking tot sodanige diensaansluiting nie.
- (4) Die direkteur moet bepaal watter werk die diensverskaffer op die onkoste van die verbruiker met betrekking tot 'n diensaansluiting op die verbruiker se perseel moet verrig.
- (5) Die verbruiker moet sodanige leidings, draadleidings, slote, hegstukke en oorhoofse vry ruimte op sy/haar perseel voorsien, regmaak en/of in stand hou as wat die direkteur vir die installasie van die diensaansluiting kan vereis.
- (6) Tensy die direkteur anders beslis, word elke geregistreerde erf van slegs een diensaansluiting voorsien.
- (7) Waar twee of meer persele van een eienaar op aanliggende erwe geleë is, en die eienaar die eiendom op 'n gekonsolideerde wyse bedryf, word slegs 'n enkele grootmaat-elektrisiteitstoevoer om veiligheidsredes aan sodanige erwe beskikbaar gestel.
- (8) Enige bedekkings van 'n draadleiding wat die toevoerkring van die voorsieningspunt na die meettoerusting gelei, moet vir die seëls van die diensverskaffer voorsiening maak.
- (9) In die meterkas moet die diensgeleier of -kabel, na gelang van omstandighede, op 'n opsigtelike plek eindig, en moet die volle lengte van die geleiers sigbaar wees indien die dekplate, indien enige, verwyder word.
- (10) In geval van gebou-blokke wat deur 'n aantal individuele verbruikers geokkupeer word, moet afsonderlike draadleidings en geleiers of kables van die gemeenskaplike meterkamer of -kamers na elke individuele verbruiker in die gebou-blokke gelê word. As alternatief, indien daar roetering is, moet die geleiers van die individuele kringe duidelik oor die hele lengte daarvan gemerk word (en elke 1,5 meter saamgebind word).

#### 47. Meteromsluiting

- (1) Indien die direkteur dit sou vereis, moet die verbruiker op 'n goedgekeurde plek 'n omsluiting vir die meterbord sowel as voldoende geleiers vir die diensverskaffer se meettoerusting, diensapparaat en beveiligingstoestelle voorsien.
- (2) Sodanige omsluiting en beveiliging moet tot bevrediging van die direkteur, en op die onkoste van hetsy die verbruiker of die eienaar, voorsien en in stand gehou word, en moet, in die geval van kredietmeters, op 'n plek wees waartoe daar te alle redelike tye vrye en onbepaalde toegang is vir meterlesings, maar waartoe daar te alle tye toegang is vir doeleindes wat met die bedryf en instandhouding van die dienstoerusting verband hou.
- (3) Toegang vir die inspeksie van voorafbetaalmeters moet te alle redelike tye voorsien word.
- (4) Waar submeettoerusting geïnstalleer word, moet 'n afsonderlike omsluiting van dié vir die diensverskaffer se meettoerusting voorsien word.
- (5) Die verbruiker, of in geval van 'n gemeenskaplike meterligging, die eienaar van die perseel, moet 'n verdeelbord voorsien van waar voldoende elektriese lig en krag voorsien word aan die ruimte wat opsygesit is vir die omsluiting van die meettoerusting en diensapparaat.



(6) Waar die ligging van die meter, diensaansluiting, beveiligingstoestelle of hoofverdeelbord na die direkteur se mening nie meer maklik toeganklik is nie, of lewe of eiendom in gevaar stel, of om watter rede ook al nie meer geskik is nie, moet die verbruiker dit na 'n nuwe plek verskuif, en moet die verbruiker die koste dek van sodanige verskuiwing, wat so gou moontlik gedoen moet word.

(7) Die omsluiting vir die diensverskaffer se meettoerusting en beveiligingstoestelle kan, indien dit so goedgekeur word, die verbruiker se hoofskakelaar en hoofbeveiligingstoestelle insluit.

(8) Geen apparaat buiten dié wat in verband met elektrisiteitsvoorsiening en -gebruik aangewend word, mag in sodanige omsluiting geïnstalleer word nie, tensy dit goedgekeur word.

## HOOFSTUK 5

### TOEVOERSTELSELS

#### 48. Nominale toevoerspanning

Die diensverskaffer moet die nominale toevoerspanning bepaal waarteen elektrisiteit voorsien word na gelang van tegniese oorwegings om die doeltreffende werking van die hoofleiding te verseker.

#### 49. Lasvereistes

Wisselstroomtoevoer word ingevolge die Wet op Elektrisiteitsregulering, Wet 4 van 2006, voorsien, en by gebrek aan 'n ooreenkoms oor toevoergehalte, ingevolge die toepaslike standaardspesifikasie.

#### 50. Lasbeperkings

(1) Waar die geraamde las wat ingevolge die veiligheidstandaard bereken word, nie 15 kVA oorskry nie, moet die elektriese installasie vir 'n dubbeldraad-enkelfasetoefoer voorsiening maak, tensy die direkteur anders beslis.

(2) Waar 'n driefase-vierdraadtoefoer voorsien word, moet die las min of meer oor die drie fases gebalanseer word, maar die maksimum ongebalanseerde las nie 15 kVA oorskry nie, tensy die direkteur anders beslis.

(3) Geen stroomverbruikende toestel van 'n inherente enkelfase-aard met 'n aanslag van meer as 15 kVA mag aan die elektriese installasie gekoppel word sonder die vooraftoestemming van die direkteur nie.

#### 51. Steuring van ander persone se elektriese toerusting

(1) Niemand mag elektriese toerusting gebruik met laskenmerke wat, hetsy alleen of gesamentlik, tot spanningswisseling, bofrekwensiestrome of -spanninge, of ongebalanseerde fase-strome aanleiding gee wat buite die toepaslike standaardspesifikasie val nie.

(2) Steuring van ander persone se elektriese toerusting word behulp van meterlesings by die punt van gemeenskaplike koppeling bepaal.

(3) Indien vasgestel word dat onbehoorlike steuring inderdaad plaasvind, moet die verbruiker op sy/haar eie onkoste die nodige toerusting installeer om die steuring uit te filtreer en te keer dat dit die hoofleiding bereik.

#### 52. Toevoer na motore

Tensy die direkteur anders beslis, word die aanslag van motore soos volg beperk:

(a) Beperkte grootte van laespanningmotore

Die aanslag vir 'n laespanning-enkelfasemotor mag tot 2 kW beperk word en/of die aansitstroom mag nie 70 A oorskry nie. Alle motore wat hierdie perke oorskry, moet vir drie fases teen 'n lae spanning opgewikkel word, of teen sodanige hoër spanning as wat nodig is.

(b) Maksimum aansit- en versnelstrome van driefase-wisselstroommotore

Die toegelate aansitstroom van driefase-laespanningmotore moet in verhouding wees tot die vermoë van die verbruiker se diensaansluiting, en wel soos volg:

Grootte van geïsoleerde dienskabel van 'n koper-ekwivalent mm <sup>2</sup>	Maksimum toelaatbare aansitstroom A	Maksimum motoraanslag kW		
		Regstreeks op die lyn (6 x vollasstroom)	Star/Delta (2,5 x vollasstroom)	Ander middele (1,5 x vollas-stroom)
		KW	kW	kW
16	72	6	13,5	23
25	95	7,5	18	30
35	115	9	22	36,5
50	135	10	25	45
70	165	13	31	55
95	200	16	38	67
120	230	18	46	77
150	260	20	52	87

- (c) Verbruikers wat teen mediumspanning elektrisiteit ontvang  
In 'n installasie teen mediumspanning, moet die aansitstroom van 'n laespanningmotor tot 1,5 keer die aangeslane vallasstroom van die transformator beperk word wat sodanige motor van elektrisiteit voorsien. Die aansitreeëling vir mediumspanningmotore is onderworpe aan die toestemming van die direkteur.

### 53. Arbeidsfaktor

- (1) Indien die direkteur dit vereis, moet die arbeidsfaktor van enige las binne die perke van 0,85-naloop en 0,9-voorloop gehandhaaf word.
- (2) Waar dit ter nakoming van subartikel (1) hier bo nodig is om arbeidsfaktorhersteltoestelle te installeer, word sodanige hersteltoestelle aan die individuele toestelklemme gekoppel, tensy die herstel van die arbeidsfaktor outomaties beheer word.
- (3) Die verbruiker moet oste sodanige hersteltoestelle op eie onkoste installeer.

### 54. Beveiliging

Elektriese beveiligingstoestelle vir motore moet ontwerp wees om volgehoue oorstroming en enkelfasering doeltreffend te keer, waar van toepassing.

## HOOFSTUK 6

### ELEKTRISITEITSMETING

### 55. Meting

- (1) Die diensverskaffer moet op die verbruiker se onkoste in die vorm van 'n direkte heffing of voorgeskrewe koste, toepaslik aangeslane meettoerusting by die meetpunt voorsien, installeer en in stand hou ten einde elektrisiteitstoevoer te meet.
- (2) Buiten in geval van voorafbetaalmeters, word die elektrisiteit wat 'n verbruiker gedurende enige meettydperk gebruik, bepaal deur die toepaslike meter of meters wat die diensverskaffer voorsien en geïnstalleer het, aan die einde van sodanige tydperk te lees, buiten waar die meettoerusting onklaar blyk te wees, of indien die diensverskaffer hom op die bepalings van artikel 59(2) van hierdie verordening beroep, in welke geval die verbruik vir die tydperk geraam sal word.
- (3) Waar die elektrisiteit wat 'n verbruiker gebruik het, teen verskillende tariewe gehef word, moet die verbruik afsonderlik vir elke tarief gemeet word.
- (4) Die diensverskaffer behou die reg om die toevoer na winkel- en woonstelblokke, deelhuise en soortgelyke geboue vir die geboue in hulle geheel, of vir afsonderlike eenhede, of vir groepe eenhede te meet.
- (5) Geen veranderinge, herstelwerk, byvoegings of elektriese aansluitings van enige aard mag aan die voorsieningskant van die meetpunt gemaak of gedoen word, tensy die direkteur dit bepaald skriftelik goedkeur nie.

### 56. Noukeurigheid van meting

- (1) Daar sal onomstootlik aanvaar word dat 'n meter noukeurig registreer indien die lesingsfout, wanneer dit ingevolge subartikel (5) hier onder getoets word, binne die foutgrense blyk te wees waarvoor daar in die toepaslike standaardspesifikasies voorsiening gemaak word.
- (2) Die diensverskaffer het die reg om sy meettoerusting te toets. Indien daar met behulp van die toets of op 'n ander manier vasgestel word dat sodanige meettoerusting onklaar is, moet die diensverskaffer:
- (i) in geval van 'n kredietmeter, die gelewerde rekening aanpas; en
  - (ii) in geval van voorafbetaalmeters (a) 'n rekening lewer waar die meter te min geregistreer het, of (b) 'n gratis bewys uitreik waar die meter te veel geregistreer het;
- ooreenkomstig die bepalings van subartikel (6) hier onder.
- (3) By betaling van die voorgeskrewe heffing, is die verbruiker daarop geregtig wees om die meettoerusting deur die diensverskaffer te laat toets. Indien bevind word dat die meettoerusting nie aan die stelselnoukeurighedsvereistes voldoen waarvoor daar in die toepaslike standaardspesifikasies voorsiening gemaak word nie, moet 'n aanpassing ooreenkomstig die bepalings van subartikel (2) hier bo en (6) hier onder gemaak word, en moet voormelde heffing terugbetaal word.
- (4) In geval van 'n geskil, het die verbruiker die reg om op eie onkoste die betrokke meettoerusting deur 'n goedgekeurde onafhanklike toetsowerheid te laat toets, en is die uitslag van sodanige toets finaal en bindend vir albei partye.
- (5) Meters moet getoets word op die manier waarvoor daar in die toepaslike standaardspesifikasies voorsiening gemaak word.
- (6) Wanneer die geregistreerde elektrisiteitsverbruik op 'n meter ingevolge subartikel (2) of (3) aangepas word, word sodanige aanpassing hetsy gegrond op die persentasie fout van die meter ingevolge die toets waarna subartikel (5) hier bo verwys, of op die diensverskaffer se berekening met verbruiksdata in sy besit. Waar toepaslik, moet behoorlike voorsiening gemaak word vir seisoens- of ander wisseling wat die elektrisiteitsverbruik kan beïnvloed.
- (7) In geval van 'n aanpassing ingevolge subartikel (6) hier bo, mag die aanpassing nie 'n tydperk van drie jaar oorskry voor die datum waarop die meettoerusting onnoukeurig bevind is nie. Die toepassing van hierdie artikel weerhou egter nie 'n verbruiker daarvan om oorbetalings terug te eis vir enige langer tydperk, indien die verbruiker sodanige eis in die normale regsproses kan staaf nie.
- (8) Waar die werklike las van 'n verbruiker dermate van die aanvanklik geraamde las verskil waarvoor artikel 8(1) voorsiening maak, dat die diensverskaffer dit nodig ag om sy meettoerusting te wysig of te vervang om by die las aan te pas, moet die verbruiker die koste van sodanige wysiging of vervanging dek.
- (9) (a) Voordat die diensverskaffer ingevolge subartikel (6) hier bo enige opwaartse aanpassing aan 'n rekening maak, moet die diensverskaffer:
- (i) die verbruiker skriftelik van die geldwaarde van die voorgenome aanpassing, sowel as die redes daarvoor, in kennis stel;
  - (ii) in sodanige kennisgewing voldoende besonderhede verstrek om die verbruiker in staat te stel om verhoë daarvoor te rig; en

- (iii) die verbruiker in sodanige kennisgewing versoek om die diensverskaffer binne 21 dae, of sodanige langer tydperk as wat die direkteur kan toestaan, van skriftelike redes, indien enige, te voorsien waarom sy/haar rekening nie ingevolge die kennisgewing aangepas moet word nie.
- (b) Indien die verbruiker versuim om eige verdoë te rig gedurende die tydperk waarna subartikel 9(a)(iii) verwys, is die diensverskaffer daarop geregtig om die rekening aan te pas ingevolge die kennisgewing waarna subartikel 9(a)(i) verwys.
